

## Sing vooraf staande: Psalm 105:1 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,  
en bring sover daar volke is, / sy daed in gedagtenis;  
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

### Amen.

## Lofpsalm 103:11 (p. 506)

- 11 Verhef die HEER, o al sy leërmagte, / sy dienaars wat Hom dien as troue wagte!  
Laat hemel, aarde en see en berg en dal, / waar ook sy septer swaai – laat alle dinge  
sy lof verhef in altyd wyer kringe! / En jy, my siel, loof jy Hom bowenal.

## Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet vra ons God vir vergewing van ons sondes met Psalm 25:3 (p. 116).*

### Wet

## Psalm 25:3 (p. 116)

- 3 Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit;  
milde hande, vriend'like oë / is by U van ewigheid.  
Dink nie aan die sondes meer / van 'n yd'le jonkheidslewe;  
wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!

### Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, overhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

## Psalm 149:1 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunstelingel!  
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!

## Skriflesing: Sefanja 3

Teks: Sefanja 3:8

**Daarom, verwag My, spreek die HERE, op die dag wat Ek My gereed maak vir die buit; want dit is my strafoordeel om nasies te versamel, koninkryke te vergader om my grimmigheid oor hulle uit te stort, al die gloed van my toorn. Want die ganze aarde sal deur die vuur van my ywer verteer word!**  
(Sefanja 3:8 AFR1953)

Die einde van die tyd – oftewel die laaste dae – is deesdae baie in ons gedagtes.

- Van talle preekstoele af word die naderende einde al hoe skerper gepreek.
- Die preke is nie sonder waarheid nie, want die tekens is selfs vir die ongelowiges benouend duidelik.

Tog is daar dinge wat ons nie begryp nie.

- Wat het ek en my volk te doen met die einde wat nader?
- Wie is hierdie HERE wat ons moet verwag?

Om al hierdie dinge in 'n mate goed te begryp moet ons eers noulettend gaan kyk na die profeet Sefanja en sy prediking.

- Ons moet gaan kyk na die toestande van sy tyd en goed luister na wat hy sê en dan kyk hoe die dinge inpas by ons tyd.
- Sodat ons ook kan begryp wat God vir ons met hierdie gedeelte vandag wil sê.

Sefanja lewe in die tyd van koning Josia.

- Hierdie jong koning het twee radikale hervorminge in Israel van stapel gestuur om die heidense afgoderye uit te roei en die volk te laat terugbeweeg na die Here toe.
- Hierdie preek van Sefanja val iewers tussen hierdie twee hervorminge.

Die maatskaplike toestande binne Israel was glad nie na wense nie.

- Daar was baie dinge wat nie reg was nie.
- As u oplet, sal u merk dat hierdie dinge nogal baie ooreenstem met die verkeerde dinge in ons tyd.

Israel lewe in 'n tyd wat gekenmerk is deur oorlog en roeringe onder die nasies.

- Buite hulle landsgrense was alles ook in die war.
- Binne en buite die land het dit sleg gegaan.
  - Die leiers verdraai alle vorms van reg sodat dit die gesindheid van die wêreld moet pas.
  - Onreg word bedrywe sonder skaamte.
  - Vers 4 stel dit geweldig skerp: die wet word verkrag ter wille van die liefde vir die wêreldse.

Maar dit is nie net die burgerlike leiers van die wêreld met wie daar iets skort nie.

- Die geestelike leiers onder die volk is net so onbekwaam.
- Sefanja skryf dat die profete van die Here ligsinnig is – hulle is trouelose manne.
- Die priesters verontreinig die dinge wat heilig is.

Kom ons stel hierdie saak heeltemal modern:

- Die manne wat die saak en die raad van God moet vertolk, het nie die oog of die hart vir die saak nie.
- Die predikante het nie meer die begrip vir die geweld van die sonde of die verkeerde nie.
- Hulle preek nie meer – en begryp ook nie – dat hulle en hulle eie mense vir al hulle gruwels geoordeel gaan word deur die gerig van die Here nie.

Sefanja skryf dat hierdie leiers onder Israel dink en glo dat die gerig van God oor ander mense bestem is – hulleself is daarbo verhewe.

- Hulle preek vrede – net vrede.
- Van die prediking van oordeel en toorn en straf van God word niks gehoor deur die mense wat dit moet hoor nie.

Dan skryf die profeet dat hulle troueloos is.

- 'n Mens kan jou nie op die prediking van hierdie mense verlaat nie, want hulle preek nie die volle waarheid nie.
  - Hulle preek net die helfte van God se raad.
  - Hulle verkondig hulle eie ideologieë.

- Die priesters het hulle meer met politiek en die wêreld bemoei as met Woordverkondiging.

Daarom die bitter woorde teen hierdie predikante: die priesters het die heilige onteer.

- Hulle het die Here se wet so skandelik verdraai dat hulle daarmee geen reg meer toegepas het nie.
- Hulle het die ware wet uit verband geruk omdat hulle die guns van die mense probeer wen het.
- Hierdie mense het God verruil vir wat mense in hulle sondes dink of sê.

Dit is nie al nie, sê die Here. Die saak is nog veel ernstiger!

- Hy het in Jerusalem gewoon en Hy het self sy volk getugtig sodat hulle na Hom moes luister.
- Hier staan in die Bybel dat Hy met ywer al hulle handelingte bederwe het.

Maar dit was tevergeefs. Die mense wou na God nie luister nie.

- Die Here het met woorde en daade tot die inwoners van Jerusalem gespreek.
- Dit is alles gedoen om hierdie ongehoorsame volk te probeer beweeg om Hom te vrees en na sy vermaningte te luister.
- Hulle moes die reg van die Here voor oë hou en hulle moes die regte beoefening van hulle godsdiens ter harte neem.

Hierdie volk het hulle nie bekeer nie.

- Nou kom die Here weer na hulle toe – hierdie keer anders as die eerste keer.
- Die Here kom nie nou om hulle met vermaningte tot bekering te beweeg nie.
- Nee. Die tyd daarvoor is verby.
- Die Here sê: **Verwag My! Ek maak My gereed vir die buit! Verwag My! Want Ek maak My gereed vir my strafoordeel oor die nasies!**

God berei Hom voor om die wêreld te kom oordeel!

- Die volk moet goed luister:
  - Hy gaan nie net die ander nasies oordeel nie.
  - Hy gaan ook nie net Jerusalem oordeel nie.
  - Niemand word uitgesonder nie. Die oordeel kom oor al die nasies. Oor die hele aarde!

Lees nou vers 8 met aandag. Daar staan baie duidelik dat die oordeel aan die kom is, wat 'n tweesydigte uitwerking gaan hê.

- Eerstens die skadukant: Dit gaan die grimmigheid van God oor die nasies besorg wat nie na die Here wou luister nie – oor dié wat die Here nie behoorlik aangeroop het nie.
- Andersyds is dit 'n louteringsgerig.
  - Daar word gered.
  - Ons kan al die klanke van verlossing hoor in die woorde:

**Verwag My, sê die HERE ...**

*HERE*, met hoofletters, soos dit hier staan, beteken *Verbondsgod*.

- Die naam beteken dat dit God is wat red volgens sy belofte dat Hy 'n God is vir dié wat vir Hom 'n volk is.
- U begryp dus dat die woorde “verwag My” 'n dubbele betekenis het.
  - Die ongehoorsames moet God verwag tot hulle oordeel.

- Die kinders van God verwag die Here tot hulle verlossing.

Uit die aard van die saak is die heilsaankondiging vir ons as gelowiges die belangrikste.

- Vir die vromes in Jerusalem word daar gesê dat die Here Jerusalem sal verander.
- Die Here sal ook die nasies rondom hulle verander – Hy sal vir die nasies 'n vroom hart gee.
- Daar word dus vrede gewaarborg vir Jerusalem. Binne en buite sy grense.

Die gerig van die Here bring dus vernuwung.

- Die Here staan op as 'n **Getuie** teen die nasies.
- Die hele aarde word verteer deur die vuur van sy ywer.
- Op hierdie manier word die goddeloosheid vernietig en bly net die Godsvolk oor – alleen in hulle verhouding tot God.

Dit is die ligpunt van die prediking van Sefanja.

- Daar wag 'n nuwe toekoms op die uitverkorenes.
- Die Here sal aan die volke wat Hy red, rein lippe gee sodat die mense en volke wat in Jerusalem woon die Naam van die Here eenparig sal aanroep.
- Of soos Sefanja dit stel in vers 9:  
**sodat hulle almal die Naam van die Here sal aanroep en Hom met 'n eenparige skouer dien.**

Hierdie profesie het natuurlik in die eerste plek betrekking gehad op Israel.

- Dit het vir hulle beteken dat die Here in hulle geskiedenis 'n gerig oor hulle gaan bring wat hulle sou genees van hulle afgodediens.
- 'n Gerig wat hulle sou beweeg om die Here alleen te dien.

Vir ons beteken dit dat die Here ons ook gaan suiwer.

- Dit beteken dat sy eindoordeel voor die deur is wanneer Hy alle verkeerde elemente gaan wegneem sodat die suiwere Godsvolk alleen gaan oorbly om die nuwe Jerusalem te bewoon.
- Die profesie is dan waar – in die Nuwe Jerusalem sal dit nie anders kan nie. Almal wat daar sal wees, sal God *met 'n eenparige skouer dien*.

Verder staan daar dat daardie volk rein lippe sal hê.

- Dit beteken dat hulle skuld hulle vergewe sal wees.
- Die sonde en onreinheid van hulle lippe sal hulle vergewe wees.

Maar dit beteken ook dat hulle gesindheid vernuut sal wees.

- Afgodsdienste of verkeerde godsdienste sal nie meer bedryf word nie.
- Teen die gebruike waarvan Sefanja praat, sou ons sê dat politiek nie meer godsdienste sal wees nie.
- Die saak van God sal alleen suiwer beoefen word.

Maar dit klink so maklik om te praat van verlossing en die tyd hierna – so asof dit vanself kom.

- Sefanja onderstreep die geweldige verskrikking van die tyd van God se oordeel.
  - Dis vreesaanjaend. Dit is so anders as wat ons dit graag wil hê.
  - Die Here gaan die aarde met 'n vreeslike geweld tref.

Kry maar vir uself die beeld reg.

- Dit staan hier dat die oorgrote meerderheid van die wêreldvolke bestem is vir die verdelging deur God se grimmigheid.
- Want die Here sê sy volk wat op die aarde woon, is maar arm en gering.

Hierdie stuk profesie uit die Ou Testament is swaar gelaai met betekenis vir ons tyd.

- Wanneer u hierdie gedeelte met aandag lees, sal u opmerk dat hierdie profesie twee tye gelyk behandel.
  - Die eerste is die naderende ballingskap vir die Jode.
  - Die hele volk gaan weggevoer word omdat hulle ongehoorsaam is teenoor die Here.
  - Dan gaan daar 'n klein groepie terugkom – die res van die volk gaan wegraak onder die heidene.
- Presies so het dit ook gebeur.

Maar as u vers 8 goed lees, sal u sien dat die profeet deur die krag van die Heilige Gees so ver in die toekoms sien dat hy met hierdie profesie ook die eindoordeel raaksien.

- Dis die gerig wat oor die hele aarde gaan kom.
- En dan gaan die toestand van volkommenheid met daardie bedeling aanbreek.

Toets nou ons tyd teen hierdie agtergrond aan Sefanja 3.

- Die gesindheid van die wêreld klop baie goed met wat hier geskryf staan.
- Ons beleef 'n tyd van regsverdraaiing soos nog nooit tevore nie – onder die volke, maar ook onder ons.
- Kyk na die wêreld se siening van redding – dit het nie die koninkryk van God as basis nie!

Aan die ander kant is daar ander godsdiensgroepe wat groei en hoogty vier.

- Daar is godsdienzbewegings wat vrede preek – valse vrede.
- Party kerke preek net die liefde van God en sus die volk van God aan die slaap in hulle sondes.

En dit is nie so dat ons nie van beter weet nie.

- Sefanja sê dat die Here onder Jerusalem se mense woon, en dat Hy kragtig met die woord en die daad vir hulle gepreek het, maar dat hulle nie wou luister nie.
- Ons lewe in die tyd waar Christus ons sondes klaar versoen het en Hy reeds teruggekeer het na die hemel toe.
- In hierdie tyd bid Hy elke oomblik by die Vader. Hy is besig om plek voor te berei vir ons.

En ons het nog meer. Intussen het ons die Gees van God ontvang wat in ons woon.

- Die Gees van God bring ons so naby aan die Here self. Hy sê ons met goddelike wysheid binne-in ons voor hoe om in waarheid te lewe.
- Dit is die Gees van God wat ons leer om Hom in waarheid te dien.

Oor ons godsdiensoverval en ongehoorsaamheid het die Here met ons in die gerig getree.

- Hy het in sy toorn oor al ons sondes losgebrand op die Here Jesus Christus. Jesus Christus het in ons plek die oordeel van God gedra – en so vir ons versoening bewerk.
- Daarom het Hy ons beveel om Nagmaal toe te kom sodat Hy vrypraak van ons sondes en versoening met Hom aan ons kan bevestig.

- Natuurlik is die verswygde deel van die nagmaal dat dié wat God nie werklik wou ken nie, deur sy grimmigheid vernietig gaan word.

Ons is hier omdat ons die oorblyfsel is wat in heerlijkheid by God versamel sal word.

- Verwag dan die Here. Verwag Hom te midde van al hierdie dinge wat erger word namate die einde naderkom.
- As ons in ons geloof en godsdiens volhard, beloof God die heerlijkheid van die nuwe aarde aan ons.

Ons kan alleen verlossing verwag uit die wurggreep van die wêreld in die krag van die Here Jesus Christus.

- Ware gelowiges sal bly voortbestaan as ons vasstaan in die waarheid van Jesus Christus
- Ons moet ook 'n verwagting hê wat bo die aardse uitgaan, want die Bybel leer ons dat hierdie aarde sal verbygaan en dat daar vir ons wat gered word 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde geskape sal word.

Verwag dan die Here.

- Glo die beloftes wat Hy aan sy tafel aan u bevestig.
- Verwag Hom as die God wat alle ongeregtigheid gaan vernietig.
- Verwag die heil van God wat heerlijkheid gaan skenk aan die wat aan sy waarheid en beloftes vashou.

**Amen.**

Gebed

Psalm 138:4 (p. 671)

- 4 As in my ang en teëspoed / die krag en moed my wil begewe,  
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.  
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.  
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Formulier

Psalm 23:3 (p. 107)

- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,  
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;  
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Af tafel toe:

Tydens Nagmaal: Psalm 118

Slotgebed

Slotpsalm 145:1, 12 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Konings-eer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die Heer!  
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Dr. M.J. du Plessis**  
**Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 14 November 2010**  
**Hulpdienspredikant Clanwilliam. Datum: 19 Mei 2013**